

# Arnoldus Pannevis

Afrikaanssprekendes is vandag gelukkig om in hul taal te kan skryf, lees en skoolgaan. Ons kan dig in [Afrikaans](#), sing in Afrikaans en stry in Afrikaans. Daar is talle boeke, tydskrifte, koerante, liedjies, TV-programme en fliks in ons taal.

Dit was egter nie altyd die geval nie. Soos julle al weet, het [Jan van Riebeeck](#) in 1652 in die Kaap aangekom, en saam met hom het die Nederlandse taal ook vir die eerste keer in die land aangekom. Dit was egter nie die enigste taal wat in daardie tyd gepraat is nie, want daar was reeds Khoi-groepe in die Kaap. [Slawe](#) is ook na die Kaap gebring, en hulle het hul eie eerste tale gepraat. Al hierdie tale het in kontak met mekaar gekom, en dit het gelei tot Kaaps-Hollands, en later die taal wat ons vandag as Afrikaans ken. Dit was egter geen maklike pad nie, en daar was vele **struikelblokke**.<sup>1</sup>

Hoe meer mense Afrikaans gepraat het, hoe meer het dit gegroei, maar die Engelse het 'n groot stokkie voor die ontwikkeling daarvan gestee. Brittanje het in 1806 die Kaap vir 'n tweede keer oorgeneem en het Engels die amptelike **voertaal** gemaak. Hulle wou hê dat slegs Engels in die howe, skole, kerke en regering gebruik moes word, en het só baie mense kwaad gemaak. Daar was gelukkig kampvegters vir Afrikaans, en een van hulle was 'n man genaamd dr. **Arnoldus Pannevis** (1838-1884). Hy word dikwels die “ontdekker van Afrikaans” of “vader van Afrikaans” genoem.



## Van skeepsdokter tot taalstryder

Arnoldus Pannevis is op 16 Februarie 1838 in Oudekerk, Nederland, gebore. Hy was onder meer 'n skeepsdokter in die Nederlandse vloot en het op 11 Julie 1866 in Suid-Afrika aangekom.

Hy het beslis 'n **aanleg** vir tale gehad en was **vlot** in Nederlands, Engels, Frans en Duits. Hy kon boonop Spaans, Italiaans, Deens en Sweeds lees en het later 'n onderwyspos by die Laerskool Paarl Gimnasium aanvaar.<sup>2</sup>

Hy was van meet af aan baie beïndruk met Afrikaans (wat toe nog Kaaps-Hollands

genoem is) en het dit 'n "voortreflike" en "selfstandige" taal genoem. <sup>3</sup> Hy het besef dat Afrikaans 'n volwaardige taal is, aangesien dit nie meer genoeg ooreenkomste met Nederlands toon om slegs as 'n **dialek** van Nederlands beskou te word nie. Pannevis was glo die eerste mens wat die taal Afrikaans genoem het.

<sup>1</sup>

Hy het egter gesien dat Afrikaans **onderdruk** word en daar was in daardie stadium selfs met Afrikaans gespot. Dit is 'n kombuistaal genoem en is al hoe meer uitgeskuif. Die Britte het alles probeer **verengels** en wou Afrikaans en Nederlands **verdring**. Hulle het selfs Skotse predikante ingevoer, sodat Nederlands nie meer in die kerk gebruik hoef te word nie.

Pannevis het baie oor Afrikaans en sy geskiedenis opgelees en oor die taal en kultuur geskryf. Hy het ook in Nederlands en Afrikaans gedigte geskryf. Hy was ook medeskrywer van die Afrikaanse volkslied "'n Ieder nasie het sijn land". <sup>4</sup>



## Die Genootskap van Regte Afrikaners

Pannevis het sy vriende gemotiveer om vir Afrikaans op te staan en het 'n groot invloed op mense, soos S.J. du Toit en C.P. Hoogenhout, gehad. Hulle het ook tot die stryd toegetree om Afrikaans as taal erken te kry en word vandag as **taalstryders** erken.



Affies se seuns voor Huis Pannevis

Pannevis is veral bekend vir die brief wat hy op 7 September 1872 aan die Kaapse koerant *De Zuid-Afrikaan* geskryf het. Hy het in die brief **gepleit** vir die vertaling van die [Bybel](#) in Afrikaans. Daardie brief het gelei tot 'n vergadering van agt mans op 14 August 1875 in die Paarl. Dit was C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit (Oom Lokomotief), S.J. du Toit, A. Ahrbeck, S.G. du Toit, G. Malherbe, D.F. du Toit en P.J. Malherbe. Hulle het besluit om saam te staan vir Afrikaans en het die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) gestig. Die doel van die organisasie was om Afrikaans as taal te bevorder. <sup>1</sup>



Adviseurs van die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel. Boonste ry: di. J.P.H. Steyn, C.F. Kees, G.D. Malan, W.J.W. Naudé, A.S.E. Yssel, W. de Vos. Middel: Di. C.W.M. du Toit (Totius se broer), H.J. Otto, proff. J.A. du Plessis, C.J.H. de Wet, dr. H.D. van Broekhuizen, di. Dirk Postma, P.J.J. Boshoff en H.J. Pienaar. Voor: prof. B.B. Keet, Totius, ds. J.D. Kestell, proff. E.E. van Rooyen en H.C.M. Fourie. Hulle het amptelik bekendgestaan as die Kommissie vir Afrikaanse Bybelvertalers..

## Ontwikkeling van Afrikaans

Pannevis was baie gelowig en hy wou graag hê dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word. Hy was ook 'n groot **voorstander** daarvan dat kerkdienste in Afrikaans en Nederlands gehou moes word.



S.G. du Toit

Hy het aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskryf en S.J. du Toit voorgestel as iemand wat die Bybel kon vertaal. Daar is egter op die eerste vergadering van die GRA besluit dat Afrikaans eers as skryftaal moes ontwikkel voor die Bybel vertaal kon word. Dit het die bal aan die rol vir die [Eerste Afrikaanse Taalbeweging gesit](#).



Die eerste eksemplare van die Afrikaanse Bybel-is in mei 1933 by die Britse en buitelandse-Bybelgenootskap afgelewer

Die GRA het op 15 Januarie 1876 'n Afrikaanse koerant *Die Afrikaanse Patriot* die lig laat sien en het in 1878 'n drukkersonderneming gestig om Afrikaanse publikasies uit te gee. Dié organisasie het baie vir Afrikaans beteken, want só is daar meer in Afrikaans geskryf en gelees, en die eerste Afrikaanse [boeke](#) het

ontstaan. Hulle het ook 'n Afrikaanse skool gestig, wat die Gedenkschool der Hugenoten genoem is.



Gedenkschool der Hugenoten

## Afrikaans word gestandaardiseer

Die informele kodifisering (om 'n taal of variëteit te beskryf deur die reëls, beginsels, ens. op te skryf) van Afrikaans het dus reeds in die negentiende eeu begin toe die eerste Afrikaanse tekste geproduseer is. Dit sluit *Die Afrikaanse Patriot* vanaf 1876 in, maar ook vroeër godsdiensgeskrifte en ander informele geskrifte.



S.J. du Toit, kampvegter vir Afrikaans en medestigter van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA).

Die eerste konsepreëls word ook in dié tyd deur organisasies soos die GRA, Zuid-Afrikaansche Taalbond, Afrikaanse Taalvereniging en Afrikaanse Taalgenootskap geskryf. Daarna volg die Suid-Afrikaners se nederlaag teen Brittanje, wat lei tot 'n opbloei (grootskaalse groei) in Afrikaner-nasionalisme en 'n toenemende behoefte aan 'n gestandaardiseerde vorm van Afrikaans (dit is die vorm van Afrikaans wat meestal vir onderwys-, regerings- en mediadoeleindes gebruik word).



[C.J. Langenhoven](#) sit daarna prosesse aan die gang wat lei tot die publikasie van die eerste konsepspelreëls in 1915, nadat dit in daardie jaar deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns goedgekeur is. Tydens dié sitting word daar besluit dat 'n woordelys ook so spoedig moontlik opgestel moet word, en dit lei uiteindelik tot die publikasie van die Afrikaanse woordelys en spelreëls in 1917. Dit is deur T.H. le Roux, D.F. Malherbe en Johannes J. Smith geskryf, maar in die voorwoord word spesifiek genoem dat dit 'n vrug van die werk van die GRA is. Dit word dus beskou as 'n deurslaggewende gebeurtenis in die ontwikkeling van Afrikaans as volwaardige skryf- en akademiese taal. <sup>5</sup>



C.J. Langenhoven

Pannevis het op 14 Augustus 1884 gesterf. Dit is 'n jammerte dat hy nooit die Bybel in Afrikaans gesien het nie, want dié is eers later in 1933 gepubliseer. Hy is in die Paarl begrawe.



## Woordbank

<b>aanleg</b>	Talent of gawe.
<b>baanbreker</b>	Iemand wat 'n pionier is en nuwe terreine ontsluit.
<b>dialek</b>	Ook <i>streektaal</i> genoem. Taal wat in 'n bepaalde streek gepraat word en van die standaardtaal verskil.
<b>kampvegter</b>	Iemand wat die voortou neem in of stry vir 'n saak waarvoor hy hom of sy haar beywer.
<b>mosie</b>	Voorstel wat by die <a href="#">parlement</a> ingedien word sodat dit bespreek kan word.
<b>onderdruk</b>	As iets gestuit of bedwing word.
<b>gepleit</b>	Vra of smeek.
<b>slawe</b>	'n Persoon wat die eiendom van ander is en gedwing word om vir daardie persoon sonder betaling te werk.
<b>struikelblokke</b>	'n Hindernis wat oorkom moet word.
<b>taalstryders</b>	Persoon wat vir 'n taal opstaan en hard werk om die taal erken te kry.
<b>verdring</b>	Iemand of iets word weggestoot en sy plek ingeneem.
<b>verengels</b>	Om iets Engels te probeer maak.
<b>voertaal</b>	Die taal wat in opvoedkundige instellings gebruik word as die onderrigtaal.
<b>voorstander</b>	Kampvegter, ten gunste van 'n sekere saak.
<b>vlot</b>	Praat 'n taal vloeiend, is bedrewe daarin.

# Lees hierdie artikels om nog meer te leer oor Arnoldus Pannevis en Afrikaans

- [Kyk hoe Afrikaans ontwikkel het](#)
- [Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging](#)
- [Pannevis en Paarl Gimnasium](#)
- [Vind meer uit oor die begin van Afrikaanse skole en universiteite](#)

# Kyk hierdie video's om nog meer te leer oor Arnoldus Pannevis en Afrikaans

**Hoe het Afrikaans ontstaan?**

**Kyk terug op Afrikaans**

**Kyk hoe lyk die Afrikaanse Taalmonument**

**Afrikaans as een van Suid-Afrika se 12 amptelike tale**